basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning, byvoorbeeld, ’n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

### 1.1 DIT WAS GOED OM IEMAND TE HELP

Mense het mekaar nodig.

Skryf 'n **opstel** waarin jy vertel of beskryf hoe jy iemand anders gehelp het.

Dink aan die volgende:

- Wie het jy gehelp?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Hoe het jy hierdie persoon gehelp?
- Waarom was dit vir jou goed om hierdie persoon te help?



[Uit: *Google Pictures*]

**[40]**

### 1.2 MISDAAD

Daar is baie misdaad in ons land. Dit raak ons almal.

Skryf 'n **opstel** waarin jy van 'n misdaadinsident in jou lewe vertel of waarin jy 'n misdaadinsident beskryf.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Hoe het dit jou lewe beïnvloed?
- Wat, dink jy, kan gedoen word om misdaad in ons land te stop?

**[40]**


EASTERN CAPE


1.3 **MY GUNSTELINGKOS**

Ons almal hou daarvan om lekker te eet. Sekere kos is vir ons lekkerder as ander kos.

Skryf ŉ **opstel** waarin jy vertel van watter kos jy die meeste hou of beskryf die kos wat vir jou die lekkerste is.

Dink aan die volgende:

- Van watter kos hou jy die meeste?
- Hoekom is hierdie kos jou gunstelingkos?
- Waar eet jy hierdie gunstelingkos?
- Wanneer eet jy hierdie gunstelingkos?



[Uit: *Google Pictures*] **[40]**

1.4 **AS EK MAAR GEWEET HET ...**

Soms is ons jammer oor dinge wat ons gedoen het.


Skryf ŉ **opstel** waarin jy vertel van iets wat jy gedoen het waaroor jy nou jammer is.

Dink aan die volgende:

- Wat het gebeur?
- Waar en wanneer het dit gebeur?
- Wat sou jy anders gedoen het as jy geweet het wat gaan gebeur?
- Waarom sou jy dit anders gedoen het? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit: *Google Pictures*] **[40]**

1.5.2



[Uit: *Google Pictures*] **[40]**

1.5.3



[Uit: *Shuters Life Orientation, Gr. 9*] **[40]**

1.5.4



[Uit: beautifulwallpapers.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy en jou maats berei voor vir die aanvullende eksamen. Een van jou maats sukkel om te leer en is baie moedeloos.

Skryf 'n **brief** aan jou maat om hom/haar raad te gee oor hoe om vir die eksamen voor te berei.

Dink aan die volgende:

- Waarom sukkel jou maat om te leer?
- Wat kan jou maat doen om sy/haar situasie te verbeter?
- Wat kan jy doen om jou maat te help?
- Wat kan jy sê om jou maat moed in te praat?



[Uit: *Canstockphoto.com*] **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

Die straat voor jou huis is baie besig. Sommige bestuurders ry baie vinnig in die straat.


Skryf 'n **brief** aan die hoof van die verkeersdepartement waarin jy kla oor hierdie roekelose bestuurders. Gee ook voorstelle oor hoe hierdie situasie verbeter kan word.

Gebruik die volgende adres:

Die Hoof van die Verkeersdepartement, Posbus 5461, Johannesburg, 2000.

Dink aan die volgende:

- Waar bly jy?
- Wat is die probleem?
- Hoekom is hierdie roekelose bestuurders 'n probleem?
- Wat, dink jy, kan gedoen word om die probleem op te los?



[Uit: *3dstudio.com*] **[20]**

2.3 **RESENSIE**




[Uit: *www.sewendelaan.com*]

Jy kyk graag na die sepie *7$^{de}$ Laan* op die televisie. Dit help jou met jou Afrikaans.

Skryf nou 'n **resensie** oor *7$^{de}$ Laan* vir die skoolkoerant om ander leerders te motiveer om ook *7$^{de}$ Laan* te kyk.

Dink aan die volgende:

- Wanneer en op watter kanaal kan jy na *7$^{de}$ Laan* kyk?
- Wie is die hoofkarakters in hierdie sepie?
- Wat gebeur in hierdie sepie?
- Hoe help *7$^{de}$ Laan* om jou Afrikaans te verbeter? **[20]**

2.4 **TOESPRAAK**

Een van julle gemeenskapsleiers het jou gevra om 'n toespraak te hou om die mense in julle gemeenskap te motiveer om nie gemors rond te gooi nie.

Skryf nou 'n **informele toespraak** waarin jy die mense in jou gemeenskap motiveer om die omgewing skoon te hou.

Dink aan die volgende:

- Watter gemors gooi die mense rond?
- Wat gebeur as die gemors so rondgegooi word?
- Hoe kan elke mens help om die omgewing skoon te hou?
- Hoekom is dit belangrik om die omgewing skoon te hou?




[Uit: *Google Pictures*] **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

**LET WEL:** As jy VRAAG 3.1 beantwoord, moet jy VRAAG 3.1.1 EN VRAAG 3.1.2 doen.

3.1 3.1.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Julle skoolhoof tree aan die einde van die maand af met pensioen. Julle organiseer ŉ afskeidsfunksie vir hom.




[Verwerk uit: *veebedoo.com*]

Jy is gevra om ŉ uitnodiging te skryf om die hoof en personeel van die ander skool in julle omgewing na die afskeidsfunksie te nooi.

Skryf nou die **uitnodiging** aan die hoof en personeel van die ander skool om hulle na die afskeidsfunksie uit te nooi. (Ongeveer 50 woorde)

Dink aan die volgende:

- Wie word uitgenooi?
- Wanneer, waar en hoe laat gaan die afskeidsfunksie plaasvind?
- Wat is die kleredrag?
- Wie is die kontakpersoon, wat is die kontaknommer en hoe moet die skool antwoord?

**EN**

3.1.2 **ANTWOORD OP DIE UITNODIGING**

Skryf die buurskool se **antwoord** in ŉ kort nota. (Ongeveer 20 woorde)

- Aanvaar die buurskool die uitnodiging of nie?
- Indien wel, wie gaan almal saamkom?


**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**


EASTERN CAPE


## 3.2 POSKAART

Jy het na een van Bafana Bafana se sokkerwedstryde gaan kyk.
Jy het 'n poskaart gekoop met 'n foto van Bafana Bafana op die voorkant.

**BAFANA BAFANA**



Teken die agterkant van die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor.




Skryf 'n boodskap aan jou ouers op hierdie **poskaart**.
Vertel van die wedstryd wat jy gesien het en hoe jy daaroor gevoel het.

**LET WEL:** Onthou om jou ouers se adres op die poskaart te skryf. **[20]**


3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

ŉ Man vra jou om vir hom die pad vanaf die **hospitaal** na die **bushalte** te verduidelik.

Verduidelik aan die man hoe om tot by die bushalte te loop deur die **pyltjies** op die roetekaart hieronder te volg. Gebruik straatname, bakens en rigtingaanwysers. Skryf die **aanwysings** puntsgewys neer.

Begin só:

1. Stap in Buffelstraat af tot by ...
2. ...
3. ...




**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou